2020/07/03

# HANDELINGE 22

Bybelstudie

# HANDELINGE 22 OPSOMMING

- **Paulus verdedig homself verder**
- **Paulus getuig van sy bekering**
- **Hy vertel van sy roeping om vir die heidene te preek**
- **Paulus voor die Joodse Raad**

Handelinge Bybelstudie

Kaart van Sendingreise van Paulus se bediening



Handelinge Bybelstudie

Handelinge en Sendbriewe kruisverwysings ten opsigte van Paulus se bediening

# PAUL'S LETTERS AND MISSIONARY JOURNEYS

| YEAR A.D. | MAJOR EVENTS | ACTS | PERIOD | LETTERS |
|---|---|---|---|---|
| 34 | Conversion, Damascus, Arabia | 9 | 3 years - Arabia | Briewe |
| 37 | Jerusalem, Tarsus, Syria, Cilicia | | | |
| 46-47 | Antioch, Jerusalem | 11 | 1 year - Antioch | |
| 48-49 | First Missionary Journey and Antioch | 13-14 | | Galatians |
| 50 | Jerusalem Council and Antioch | 15 | | |
| 51-53 | Second Missionary Journey | 16-18 | 18 months - Corinth | 1 Thessalonians<br>2 Thessalonians |
| 53-54 | Antioch | | | |
| 54-57 | Third Missionary Journey | 19-21 | 3 years - Ephesus | 1 Corinthians<br>2 Corinthians<br>Romans |
| 57 | Jerusalem Arrest | 22-23 | | |
| 57-59 | Caesarea Prisoner | 24-26 | 2 years | |
| 59-60 | Journey to Rome | 27-28 | | |
| Jaar | Gebeurtenis | Hoofstuk | Tydperk | |
| 60-67 circa | Rome House Arrest | 28 | 5-7 years circa | Ephesians<br>Colossians<br>Philemon<br>Philippians<br>1 Timothy<br>Titus<br>2 Timothy |

ConformingToJesus.com

Handelinge Bybelstudie

Handelinge As Boek

# BOOK OF ACTS

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Author | Luke, the Doctor | | | | | | | | | |
| Time | 2 yrs - 33-35 AD ca. | | 14 yrs - 35-48 AD ca. | | 17 or 19 yrs - 48-65 or 67 AD ca. | | | | | |
| | FOUNDATION OF THE CHURCH | | | | FOUNDER OF CHURCHES | | | | | |
| Sections | Spirit of the Church | Growth of the Church | Persecution of the Church | Expansion of the Church | First Journey of Paul | Second Journey of Paul | Third Journey of Paul | Arrest of Paul | Trials of Paul | Imprisonment of Paul |
| Chapters | 1 4 | 5 7 | 8 9 | 10 12 | 13 15 | 16 18 | 19 20 | 21 23 | 24 26 | 27 28 |
| Topics | Peter | | Peter & Philip | | Paul | | | | | |
| | To the Jews | | To the Gentiles in/around Israel | | To the Gentiles outside Israel | | | | | |
| Place | Jerusalem | | Judea & Samaria | | Uttermost Parts of the Roman Empire | | | | | |

Jaar

Gebeurtenis

Hoofstuk 22

ConformingToJesus.com

## Handelinge 22

# Paulus praat met die Jode

- 1 Paulus het gesê: "Vriende, julle moet luister na wat ek wil sê, **ek wil vir julle verduidelik dat ek niks verkeerd gedoen het nie**."
- 2 Toe die Jode hoor dat **Paulus** in **Hebreeus** met hulle praat, het **hulle nog stiller geword**. Hy het vir hulle gesê:
- 3 "Ek is 'n Jood en ek is gebore in die stad Tarsus in Silisië, maar ek het grootgeword hier in Jerusalem. **Ek was 'n student van Gamaliël en ek het al die streng wette van ons voorouers geleer.** Ek was baie gehoorsaam aan God, soos julle almal wat vandag hier is, ook **gehoorsaam** is aan Hom.
- 4 **Ek het slegte dinge gedoen aan 'Die Pad,'** ek het probeer om hulle dood te maak. Ek het mans en vroue laat vang en laat vasbind en ek het hulle in die tronk laat sit.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22

## Handelinge 22
## Paulus praat met die Jode

- 5 Die hoëpriester en die hele Joodse Raad sal kan sê **ek praat die waarheid**. Hulle het ook vir my briewe gegee wat ek na die Jode in Damaskus geneem het. Ek het na Damaskus gegaan om die gelowiges te vang en hulle terug te bring na Jerusalem sodat die Joodse Raad hulle kan straf.
- 6 "Ek was besig om na Damaskus te gaan en ek was naby Damaskus. Toe dit omtrent middag was, het daar **skielik 'n groot lig uit die hemel op my geskyn.**
- 7 Ek het op die grond geval. Toe hoor ek Iemand vra vir my: 'Saul, Saul, hoekom doen jy slegte dinge aan My?'
- 8 Ek het gevra: 'Wie is U, Here?' En **Hy het** vir my **gesê: 'Ek is Jesus van Nasaret. Jy doen slegte dinge aan My.'**

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22

AGS HELDERBERG AFM

## Handelinge 22
## Paulus praat met die Jode

- 9 “Die **mense** wat saam met my was, **het die lig gesien**, maar hulle het nie die Persoon gehoor wat met my gepraat het nie.
- 10 Ek het gevra: ‘Wat moet ek doen, Here?’ En die Here het vir my gesê: ‘Jy moet opstaan en jy moet na Damaskus gaan. Daar sal iemand vir jou alles sê wat Ek wil hê jy moet doen.’
- 11 “Die lig was so skerp dat ek nie kon sien nie. Daarom het die mense wat saam met my gegaan het, my hand geneem en hulle het my gelei tot in Damaskus.
- 12 “Ananias het in Damaskus gewoon. Hy was lief vir die Here, hy het die Here gedien soos die Here wil hê. **Ananias** het alles gedoen wat die wette sê, en al die **Jode** wat in Damaskus woon, **het geweet dat hy ’n goeie man is.**

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22

## Handelinge 22
## Paulus praat met die Jode

- 13 Ananias het na my toe gekom en hy het by my kom staan. Hy het vir my gesê: 'Saul, vriend, jy moet weer sien!' Dadelik kon ek weer sien en ek het na hom gekyk.
- 14 Ananias het vir my gesê: 'Die **God van ons voorouers het jou gekies om te weet wat Hy wil doen**. Hy het jou ook gekies om die Regverdige te sien en sy eie stem te hoor.
- 15 Ja, God het jou gekies, want jy moet vir al die mense **gaan vertel** van die dinge **wat jy gesien** en **gehoor het**.
- 16 Jy moenie langer wag nie. Jy moet nou opstaan. Jy moet jou **laat doop en** jy moet **bid tot Christus**. **Dan sal Hy jou sondes wegneem.'**

'n Getuie doen dit. Vgl Openbaring 12:11

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22

**Handelinge 22**

**Paulus praat met die Jode**

- 17 "Toe het ek teruggegaan na Jerusalem. **Ek was besig om in die tempel te bid**, toe het ek iets **gesien**, dit was **soos in 'n droom**.

Lukas 13:34 "Mense van Jerusalem, julle maak die profete dood, julle gooi die boodskappers van God met klippe dood. **Ek wou julle baie maal bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie kom nie.** "

- 18 Ek het vir Christus gesien. Hy het vir my gesê: '**Jy moet gou maak en jy moet vinnig weggaan uit Jerusalem**, want die **mense van Jerusalem sal nie glo** wat jy vir hulle wil vertel van My **nie.**'

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22

**Handelinge 22**
**Paulus praat met die Jode**

- 19 En ek het vir Hom gesê: 'Here, hulle weet self dat ek na al die sinagoges gegaan het, hulle weet dat ek die mense gevang het en geslaan het, die mense wat in U geglo het.
- 20 En Stefanus was u getuie. **Toe die mense vir Stefanus doodgemaak het, het ek self daar gestaan en ek het gesê hulle doen reg. Ek het ook die klere opgepas van die mense wat hom doodgemaak het.'**
- 21 "En **Christus het vir my gesê: 'Jy moet nou gaan, want Ek sal jou ver wegstuur na die heidene toe.' "**

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22

## Handelinge 22 Paulus praat met die Romeinse hoof-offisier

- 22 Die Jode het tot hier geluister na wat Paulus sê. Toe het hulle hard begin skree en hulle het gesê: "Julle moet hom wegvat en doodmaak! Iemand soos hy mag nie lewe nie!"
- 23 Hulle het niks gehou van wat Paulus gesê het nie, hulle het geskree en hulle het party van hulle klere uitgetrek en stof in die lug gegooi.
- 24 **Die hoof-offisier het vir die soldate gesê hulle moet vir Paulus na die soldate-kamp neem en hulle moet hom met 'n sweep slaan totdat hy sê wat hy verkeerd gedoen het**. Die hoof-offisier wou weet hoekom die Jode so geskree en geraas het teen Paulus.
- 25 Die soldate het begin om Paulus met toue vas te maak. Die offisier het by hulle gestaan, en **Paulus het vir hom gesê: "Ek is 'n Romeinse burger. Julle mag my nie met 'n sweep slaan nie, want 'n regter het my nog nie ge-oordeel nie."**

Definisie van martel!

Paulus beroep hom op sy menseregte as 'n burger

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22

## Handelinge 22 Paulus praat met die Romeinse hoof-offisier

- 27 Die hoof-offisier het vir Paulus kom vra: "Is jy 'n Romeinse burger?" Paulus het geantwoord: "Ja."
- 28 Die hoof-offisier het vir Paulus gesê: "Ek moes baie geld betaal om 'n Romeinse burger te word." Maar Paulus het gesê: "**Ek is 'n Romeinse burger vandat ek gebore is**."
- 29 Die soldate wat Paulus met 'n sweep wou slaan, het dadelik teruggestaan, en **die hoof-offisier was ook bang,** want die hoof-offisier **het besef** dat **Paulus 'n Romeinse burger is** en dat hy vir Paulus laat vasbind het.

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22

## Handelinge 22 Paulus praat voor die Joodse Raad

- 30 Die hoof-offisier wou weet hoekom die Jode vir Paulus beskuldig het. **Daarom het hy <u>die volgende dag</u> vir Paulus uit die tronk laat kom.** Toe het die hoof-offisier gesê die hoëpriester en **die hele Joodse Raad moet ’n vergadering hou.** Hy het vir Paulus na die Joodse Raad geneem en **hy het vir Paulus voor hulle laat staan.**

https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22

# Source Recognition | Erkenning van Bron

- https://biblics.com/af/bybel/bybel-vir-almal/nuwe-testament/handelinge/22
- Please support the Bible Society of SA and be a sower of hope
- Please support https://www.youversion.com/the-bible-app/
- Verskaf met die komplimente van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika. © Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou.
- Ondersteun asseblief die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en word 'n saaier van hoop.
- AGS Helderberg ondersteun die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en moedig mense aan om bydraes te lewer.

# HANDELINGE 22 OPSOMMING

- **Paulus verdedig homself verder**
- **Paulus getuig van sy bekering**
- **Hy vertel van sy roeping om vir die heidene te preek**
- **Paulus voor die Joodse Raad**



Bybelstudie